# Oudiopsigofonologie — 'n deurbraak in Sielkunde

Die term oudiopsigofonologie sal sekerlik die meeste van ons se tonge laat knoop. Vir kenners van Sielkunde is dit egter 'n interessante vakgebied wat stadig maar seker besig is om groot veld in die wetenskap van die psige te wen.

PU-KANER
3 - 88

Die begrip oudiopsigofonologie is die eerste keer in die vyftigerjare geformuleer. Die Fransman Alfred Tomatis, 'n neus-, keel- en oorspesialis, het deur intensiewe studie tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n definitiewe verband bestaan tussen wat die oor hoor, wat die reaksie van die mens self daarop is, en die spraak wat daarop volg.

Die afleiding wat hierdeur gemaak is, is dat wat die oor hoor, 'n direkte invloed het op wat die mond sê. As daar 'n defek in die gehoor of die psige is, is daar ook fout met die spraak.

Die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting aan die Puk het in 1966, onder leiding van prof. Pieter van Jaarsveld, hierdie soort terapie die eerste keer begin toepas. Prof. Van Jaarsveld, Direkteur van die Instituut, is 'n kliniese en voorligtingsielkundige.

Hy het die eerste keer in Oudiopsigofonologie (of kortweg sommer OPF) begin belangstel nadat hy in 1970 en 1971 in Frankryk onder Tomatis studeer het. Dié het hom sô beïndruk dat hy begin het om al hoe meer navorsing op hierdie gebied te doen.

OPF vorm net een deeltjie van die Instituut, maar die resultate van hierdie terapie moenie onderskat word nie. Vyf personeellede se dienste word gebruik in hierdie terapie. Onder hierdie personeel is dr. Wynand du Plessis, 'n kliniese sielkundige, mev. Marie de Waal, 'n remediërende onderwyseres, en mev. Heleen Otto, die spraakterapeut en oudioloog.



*Alfred Tomatis, uitvinder van die OPF-konsep. Sy belangrikste bydrae tot die wetenskap was dat hy 'n "sielkunde van die oor" daargestel het.*

In OPF word gebruik gemaak van 'n klankdigte kamer waar gehoortoetse gedoen word. Die res van die vertrek is verdeel in afskortings waar elke pasiënt afsonderlik behandel word.


Een van die belangrikste apparate wat met OPF gebruik word, is die Elektroniese Oor. Hierdie Oor, wat deur Tomatis ontwerp is, word in gehooropleiding gebruik. Die "Oor" boots die funksie van die menslike oor na en lewer dan 'n "gekorrigeerde" gehooraflewering aan die pasiënt.

Volgens prof. Van Jaarsveld stotter sommige kinders weens 'n verhoudingsprobleem wat in die vroegste lewensjare tussen moeder en kind ontstaan het. Deur die Elektroniese Oor word 'n gefiltreerde moederstem aan die kind oorgedra, wat 'n nabootsing is van voorgeboortelike gehoor. Die kind word as't ware psigologies teruggeneem na dié stadium waar die band tussen moeder en kind die sterkste is.

Die resultate wat met hierdie terapie verkry word, is baie bemoedigend, vertel prof. Van Jaarsveld. Hy het onlangs 'n geval gehad waar 'n dogtertjie van tien jaar wat na die gefiltreerde moederstem geluister het, weer soos 'n baba begin praat en haar duim begin suig het. Toe sy later 'n fopspeen in 'n apteek sien, wou sy dit met alle mag hê.

Met voortsetting van die terapie het sy spoedig weer haar ouderdomstoepaslike gedrag herwin en het haar angssimptome baie verbeter!

Terwyl psigoterapie gewoonlik een keer per week plaasvind, maak OPF van 'n baie intensiewer program gebruik. Die moeder en kind volg 'n program van drie weke met daag-



Proff. Van Jaarsveld (links) en Tom van Dyk, die destydse Direkteur van die Instituut en later ook Vise-rektor, by die Elektroniese Ore. Dié foto is in 1974 geneem tydens die opening van die afdeling Oudiopsigofonologie aan die Instituut.

likse terapeutiese sessies wat die hele dag duur. Omdat kinders en volwassenes van oor die hele land die Instituut besoek, pas hierdie gekonsentreerde program hulle gewoonlik ook die beste.

'n Ander interessante aspek van OPF lê op die gebied van musiek. In sy navorsing oor beroepsdoofheid het Tomatis ontdek dat diegene wat oor 'n "musikale oor" beskik, groter weerstand teen die traumatiserende effek van geraas beskik.

Sekere beroepsangers ontwikkel soms ook simptome van beroepsdoofheid en kan sekere tone nie korrek produseer nie. Met behulp van elektroniese filters kan die ontbrekende frekwensies weer aangevul word, en omdat hulle nou "reg" hoor, word die defek herstel.

Musiekstudente kan daarom ook baat vind by gehooropleiding met behulp van die Elektroniese Oor. Nie net verbeter hulle sangstemme nie, maar hulle ontwikkel ook 'n "smaak" vir goeie klank.

Die Instituut vir Psigoterapie en Voorligting het met die afdeling Oudiopsigofonologie beslis baanbrekerswerk in Suid-Afrika verrig. Dit is nie net die eerste, grootste en bestoeegeruste afdeling in die land nie, maar het ook die leiding geneem wat navorsing betref. Minstens elf navorsingsprojekte oor onderwerpe soos lateraliteit, hakkel, depressie, angsversteurings en die gebruik van OPF by ernstige verstandelike vertraging is al voltooi.

Die ontstaan van ander OPF-sentrums in Kaapland, Vrystaat en Transvaal was 'n direkte uitvloeisel van die werk wat binne die plaaslike Instituut gedoen is. Soos blyk van besoekers uit Amerika, geniet die navorsing wat aan die Puk se Instituut gedoen word, wye erkenning in die buiteland.

Wetenskaplikes was aanvanklik baie skepties oor Tomatis se benadering. Daar word gesê dat hy te veel met sy terapie belowe en dat sy aannames sterker op kliniese waarneming as op deurtastende ondersoeke gegrond is.

Soos die resultate van goedgekontroleer empiriese studies egter bewys, het dit geblyk dat OPF meer as net skeptiese aandag verdien. Vandag is daar OPF-klinieke dwarsoor Europa, Kanada, Amerika en Mexiko en wen Tomatis se nuwe benadering vinnig veld.

Internasionale kongresse oor OPF vind jaarliks plaas, en prof. Van Jaarsveld het die bevindinge van navorsing wat hier gedoen is, reeds by so 'n kongres bekend gestel. Dr. Tomatis het die Puk al drie maal besoek, waartydens Elektroniese Dienste onder sy toesig nuwe verbeterde Elektroniese Ore ontwerp het. Hierdie Ore word vandag in die plaaslike sentrum gebruik.

Die begrip Oudiopsigofonologie is nog jonk, sê prof. Van Jaarsveld, maar dit is besig om hom te bewys as 'n vakgebied wat binne die afsienbare toekoms nog baie opslae in die Sielkunde gaan maak.

Kinders luister na gefiltreerde moederspraak in die kinderterapievertrek. Deurdat hulle psigologies teruggevoer word na die voorgeboortelike fase, kan hulle spraakprobleme opgelos word.

